**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 16 APRIL 2023**

# TWEEDE SONDAG IN PASE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Alta du Toitskool se personeel en leerders***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Handelinge 2:14a, 36-41; Psalm 116:1-4, 12-19;**
**Lukas 24:13-35; 1 Petrus 1:17-23**

| **SONDAG, 16 APRIL** |
|---|
| 09:00 Oggenddiens - Ds Chris Barnardo<br>Deuroffer ten bate van: Alta du Toitskool<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 17 APRIL** |
| 19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 18 APRIL** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 19 APRIL** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 20 APRIL** |
| Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Charlene Botes, Luci Mulder, Christine Myburgh, Helene Steenkamp |
| **VRYDAG, 21 APRIL** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |

| SATERDAG, 22 APRIL |
|---|
| |
| **SONDAG, 23 APRIL** |
| POSDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Jan Kriel Instituut<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS

1. Henty Wickens (Brackenfell) se suster is die afgelope week oorlede.
2. Ingrid Maartens (Othello) is tans in die Intercare.
3. Alet Wassüng (Brackenfell) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
4. Manie en Susie Engelbrecht (Othello) het beide geval en 'n draai in die hospitaal gemaak.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Flippie Scholtz is vanoggend ons orrelis.
2. Ds Hannes is tans met verlof en sal eerskomende Maandagaand aan diens kom.
3. Ons adverteer nou weer in Die Burger in 'n nuwe poging om ons orrelpos te vul.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Alta du Toit Skool (Kuilsrivier)

Die **Alta du Toitskool in Kuilsrivier** gee onderrig aan leerders (ouderdom 6 tot 18 jaar) wat intellektueel erg gestremd is en nie in hoofstroomonderwys met akademiese vakke kan aanpas nie. Die skool bied aan leerders uit alle kulture die beste geleentheid om volgens hulle eie vermoë en tempo te ontwikkel. Die fokus van die kurrikulum is aangepas en konsentreer op vaardighede soos selfversorging, kommunikasie, uitvoering van huishoudelike take, sinvolle tydsbesteding, arbeidgerigte-vaardighede, asook eenvoudige begrip van godsdiens. Vir leerders wat wel daartoe in staat is, word funksioneel-skolastiese vaardighede soos lees, skryf en getalbegrip aangeleer om hulle te help om in die alledaagse lewe oor die weg te kom met vaardighede soos tydlees, hantering van geld en uitken van name van handelsbanke en winkels. Daar is twee koshuise vir leerders wat ver woon en bussies wat dagskoliere vervoer. Gemeentes se ondersteuning dra daartoe by dat leerders 'n vol lewe kan geniet in 'n skool waar daar spesiaal na hulle unieke behoeftes omgesien word.

Die Bestuurder (Me H van Niekerk) | 021 903 7744 | assistant.development@altadutoit.com
Webwerf: https://altadutoitschool.wixsite.com/altadutoitschool

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

16/04 Reinhard Herselman, Isabel Vlok
17/04 Deon Delport, Christo van As, Madré de Bod
18/04 Mari Swart, Jan Brink, Anja Lategan, Francois Heydenrych, Mienke-Marie Williams, Erika Groenewald, Sion Bartin
19/04 Lee Penderis, Simeon Allers, Marcelle van Zyl, Erns Du Plessis
21/04 Nicole Snyman, Adriaan Oosthuizen
22/04 Maartin Oliver, Jacques le Roux




# ASBES WAARSKUWINGS

Verskeie lidmate het hul kommer uitgespreek nadat kennisgewings op verskeie plekke by die kerkkompleks aangebring is wat waarsku teen die gevare van ASBES.

Ons wil graag ons gemeentelede en enige besoekers gerusstel dat die asbes teenwoordig in ons dakke geen gevaar inhou vir enige persone wat die kompleks besoek nie.

In terme van die wetgewing is die nodige ondersoek verlede jaar gedoen deur 'n geakkrediteerde maatskappy wat bevind het dat ons asbesdakke in 'n goeie toestand is en nie dadelik vervang hoef te word nie. Hierdie ondersoek sal voortaan elke 2 jaar gedoen word.

Die wet bepaal dat hierdie kennisgewings aangebring moet word. Dit is egter hoofsaaklik van toepassing op enige kontrakteur wat werk op ons dak sou kom doen (bv kabels lê vir internetverbinding) om die nodige voorsorgmaatreëls te tref, soos beskermende kleredrag, verwydering van bourommel, ens.

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Ons volgende vergadering vir al die konvenors is:

9 Mei 2023 om 19:00 in die konsistorie

# BASAAR – VLEIS

Die vleistafel by vanjaar se basaar gaan iets nuuts probeer. Ons gaan baie lekker sosaties (kebabs) te koop aanbied. Ons is op soek na ‘n lekker sosatiesous. Skryf jou beproefde resep in.

**Dit werk so:**

Ons gaan beesvleis gebruik en jy maak sowat 500ml sosatiesous aan en ons toets/proe dit. Die wenresepte gaan dan gebruik word vir die basaarsosaties. As jou resep een van die wenners is gaan ons die sosaties na jou vernoem bv. *Ds Hannes se ontsoete sosatie of Cassie se smulsag sosatie.*

Laat waai en kontak ons **voor 5 Mei 2023** by 082 494 4819 (André) of 082 444 4046 (Hennie) om jul sous in te skryf of indien jy enige navrae het.

Ons gaan lekker basaar hou en nog lank daarna lekker eet.

# BASAAR – NAALDWERK & MATERIAAL

Ek maak laslap kwilts en benodig baie lappies van polikatoen en katoen materiaal. Enige grootte tot so klein as 10 x 10cm asb.



Gee dit asb by die kerkkantoor af of kontak my.

Baie dankie

Christine Myburgh
0828244421

Materiaaltafel benodige alle soorte materiale, sowel as enige naaldwerkbenodighede. Wol, brei- en hekelpenne ook welkom.

Baie dankie
Elsa Welman
0837129499





# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Liewe Lidmaat

***Dankie vir jou bydrae*** van die afgelope tyd. Jou omgee is 'n aksie, wat iemand anders se lewe positief raak.

Die mandjie se pens raak egter nou effens leeg, die volgende items sal baie welkom wees.
***Tee***
***Koffie***
***Suiker (1kg)***
***Melk***
***Soja***
***Blikkies tamatie***
***Tuna***

Groetnis

# KLERE EN VERE

**Klere en Vere** kom vanjaar basaar toe!

Bring asseblief solank vir ons daardie voorheen geliefde items uit jou klerekas en merk dit: **Basaar**. Jy gaan dit tog eendag uitgooi en waar beter as vir De Eike!
Ons gaan van die klere wat vir Klere en Vere gegee word, op die basaar verkoop. Op hierdie manier kan fondse geïn word om herstel- en ander onkoste te dek wat tans deur die 2 lidmate betrokke by Klere en Vere self gedra word.

Ons het pas weer 'n mooi besending klere na Nuwerus in Namakwaland gestuur en VGK-Koelenhof se pakkies staan gereed vir oplaai.

En moenie ophou om hierdie projek te ondersteun nie. Jou ou klere, tweedehandse klere, aan-"*pass*" klere, skoene, linne, ensovoorts, laat iemand anders breed glimlag.

Dankie!
2 Vere

# PREEKSKETS

**TEMA – OPGEWONDE, GEMOTIVEERD, VERANDERD!**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Handelinge 2: 14, 22 – 32, 37, 42, 44, 46 – 47

**1. Inleiding.** Hy was ’n visserman wat met vuil growwe hande elke dag sy brood verdien het. Ons het hom leer ken as ‘n persoon met ’n robuuste persoonlikheid. Maar eintlik sal ons hom onthou as die verraaier. Die haan se gekraai het hom en vir ons elke keer daaraan herinner. Die verraaier! Dit is dieselfde Petrus wat nou opstaan, nee dit is nie dieselfde Petrus nie. Die Heilige is aan die woord en Petrus net die kanaal en hy kyk hulle met ’n vasberadenheid, propvol entoesiasme in die oë en gee die Heilige Gees vrye teuels. En dan, dan begin Petrus preek.

**2. Die Jode was met ontsag gevul.** Petrus sluit af en sê: God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. Met die aanhoor hiervan(vers 37) was die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen?” Kort en kragtig antwoord Petrus: Bekeer julle en doop julle in die naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.

**3. En ons? Wat moet ons doen?**

- **Gaan en glo.** Hulle het elke dag getrou by die tempel bymekaargekom. God het vir Jesus uit die dood laat opstaan. Elke Sondag begin by die leë graf en die nuwe lewe wat ’n vuis vir die dood wys. Glo dit en leef ’n onbeskryflike opwindende lewe wat gevul is met die Heilige Gees.
- **Gaan en sê.** Hulle het van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou en God geprys. (vers 46 en 47). Vertel wat jy sien en beleef. Stap hier uit vanoggend en gaan sê wat die Heilige Gees op jou hart gedruk het.
- **Gaan en leef.** Wat het die mense gedoen nadat hulle gedoop is? Almal was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle kos met blydskap en in alle eenvoud saamgeëet. Keer terug na die plek waar julle altyd saam is. Stap die pad saam met Jesus. Onthou Sy dade, Sy woorde, Sy beloftes. Leef in die voetspore van Jesus.

**4. Slot.** Wanneer die Heilige Gees jou vanoggend met ontsag vul sal jy hierdie drie dinge onbeskaamd doen:

Gaan en Glo, Gaan en Sê, Gaan en Leef, want God het vir Jesus uit die dood opgewek. En dit laat ons opgewonde, gemotiveerd, veranderd. En die Here sal elke dag mense wat gered word, by die gemeente voeg.